Teksgedeelte: Jeremia 9:2-26 en Heidelbergse Kategismus Sondag 47

Teksvers: Jeremia 9:24

Tema: Leef die eer van die Here biddend uit deurdat jy sy Naam heilig hou!

Weet jy van God of ken jy God? Daar is `n subtiele verskil tussen weet en ken. Om van iets of iemand te weet, beteken dat jy die voorwerp of persoon se bestaan erken sonder dat jy werklik in `n besonderse verhouding daarmee staan. Om `n voorwerp of persoon te ken, beteken dat jy die bestaan daarvan erken, maar dat jy die kennis daarvan toepas in jou lewe.

Israel het gesê dat hulle God ken, maar dit wat hulle gedoen het, het van iets anders getuig. Met hulle monde het hulle God se bestaan erken, maar hulle harte was ver van God af. Hulle het hulle volksgenote verdruk, bedrieg en mekaar se ondergang beplan. Hulle het gesê dat hulle God dien, maar hulle het wierookoffers vir Baäl gebring. Hulle het geroem in hulle wysheid, krag en rykdom, maar hulle was geestelik blind, kragteloos en arm.

Daarom dat God hulle oproep om in Hom te roem deurdat hulle in sy wysheid en insig roem, want dit is Hy wat liefde, reg en geregtigheid bewys omdat Hy dit wil hê, nie omdat iemand dit van Hom verwag nie. Om in iemand te roem, of om te vra dat daardie Persoon se Naam geheilig word en om aan daardie persoon die eer te gee is dieselfde konsep. Dit is om die kollig op daardie persoon te laat val en nie op jouself nie.

Hiermee roep God Israel terug na Hom toe, sodat hulle Hom werklik sal ken. Om God te ken beteken meer as net om van Hom te weet – dit beteken dat ek sy eer soek deurdat ek lewe soos Hy wil hê ek moet lewe en deurdat ek weet dat alles op aarde oor die eer van God gaan. Of iets is tot die eer van God, of dit is nie tot die eer van God nie. Daar is nie middelgrond nie.

In een van die oudste Joodse gebede, die ***Kaddish,*** hoor ons hierdie oproep om God se Naam te heilig omdat alles oor die heiligheid van sy Naam gaan. Hierdie gebed klink so:

"Verhoog en geheilig is sy groot Naam in die wêreld wat Hy volgens sy wil geskep het. Mag Hy sy koninkryk spoedig en gou laat heers in ons leeftyd en in julle dae en in die leeftyd van die hele volk van Israel. Amen."

Christus leer ons dat ons moet bid dat God se Naam geheilig of geëer moet word deurdat Hy die eerste deel van die *Kaddish* vat en daarop uitbrei.

Wat Christus ons hierdeur leer is om **eerstens** te erken dat God heilig is. Eenvoudiger gestel: ons moet God ken vir Wie Hy is – ons moet Hom reg ken. Hierdie gebed, dat God se Naam geheilig moet word, is `n gebed waardeur ons in

werklikheid al ons vooropgestelde idees van Wie God is afbreek. Dit is `n gebed waarin ons ons verlange uitspreek om Hom te ken vir Wie Hy is.

Hoe maklik gebeur dit nie dat ons tot God bid en ons op Hom beroep vir iets wat nie tot die eer van sy Naam is nie? Ons is dikwels ontsettend blind daarvoor. Byvoorbeeld: ons sal met `n moeilike situasie sit en nie weet hoe om dit te hanteer nie. Ons bid dan tot God en vra dat sy wil sal geskied, maar ook dat ons sy Naam heilig sal hou deur hierdie situasie. Nadat ons hierdie gebed gebid het en ons begin die situasie hanteer, tree ons dikwels meer in woede en haat op as wat ons werklik in liefde sal optree.

Tweedens roep Christus ons op om God te loof en te prys vir al die werke waarin sy almag, wysheid, goedheid en regverdigheid bekend word. Ons lewe is een massiewe lofsang tot die eer van die Here en hoe ons optree en bid moet juis getuig van hóé heilig God se Naam vir ons is. Dit word só mooi gestel wanneer God vir Israel sê dat die wyse man nie in sy wysheid moet roem nie en die soldaat nie in sy krag nie en die rykman nie in sy rykdom nie. Al hierdie dinge, alles wat God vir jou en my gee, is aan ons gegee om ons in staat te stel om in God te roem en om Hom te loof en te prys.

Laastens leer Christus ons om só te lewe dat God geëer en geprys sal word deur die manier waarop ons lewe. Sien, gebed en my optrede is nie iets wat ek van mekaar kan skei nie. Vir God is daar nie iets soos `n heilige deel van my lewe en `n onheilige deel van my lewe nie. My hele lewe moet in beslag geneem word deur die liefdesverhouding wat God met my het. Dit wat ek bid, moet hande en voete kry in my lewe van elke dag.

Ons hoor iets daarvan in Jeremia 9:24. God sê dat Hy liefde, reg en geregtigheid bewys, want dit is wat Hy wil hê. Sy oordeel oor die volk het juis gekom omdat hulle nie liefde, reg en geregtigheid bewys het nie. Hulle het gebid, sonder dat hulle gebede oorgaan tot dade. Hulle het gebid, sonder om te werk. Hulle het geloof en gebed geskei van die res van hulle lewe en juis om hierdie rede dat die oordeel van God oor hulle gekom het.

Gebed is dus nie iets wat ek net bid voor of na `n ete, voor of na ek Bybel gelees het of tydens `n erediens nie. Gebed is iets wat ek lewe. Dit is nie `n afsonderlike deel van my lewe of nog `n takie wat ek moet afhandel nie. Gebed is `n integrale deel van jou lewe. Gebed is iets wat jy lewe en nie net iets wat jy sê nie – soveel te meer nog wanneer ek bid dat God se Naam geheilig sal word.

Bid dat God se Naam geheilig sal word en gaan lewe die eer van God in die manier waarop jy lewe!